

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 51 &52**

**22/29 Desember 2024**

# Kerstyd

## Wonderlike kans om uit te reik

### Immanuel – God met ons

**Kerstyd bied ons 'n wonderlike geleentheid om na ongelowiges uit te reik. Dit is die beste tyd nog om mense daaraan te herinner dat Christus aarde toe gekom het en dat dit Sý geboortedag is wat gevier word.**
**Daar is nie 'n beter kans as Kersfees om met iemand te praat oor God se reddingsplan deur Sy Seun Jesus Christus nie.**
**Vir Josef en Maria was daar nie plek in die herberg nie.. (Luk 2:7). Is daar plek vir Jesus hierdie Kerstyd in jou lewe?**
**God word in ons lewens weerspieël in hoe ons ons liefde uitstort tydens Kerstyd. Maar nie net in Kerstyd nie. Gaan ons in ons Desember agenda genoeg tyd vir Christus in ons harte inruim? Die godsdienstiges in Jesus se tyd het met Hom oor tradisies geargumenteer. Hy het uit die profeet Jesaja aangehaal: "Die volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af." – Mat 15:8. God wil ons harte besit, Hy wil die allerbelangrikste plek in ons lewens inneem. God begeer 'n verhouding met jou!**
**Wanneer Christene só lewe dat niemand hulle liefde vir die enigste Redder en Saligmaker kan bevraagteken nie, het dit 'n kragtige uitwerking in die wêreld. As ons nie met integriteit lewe nie, lyk ons geloof leeg en kragteloos. Laat ons lewens tydens Kerstyd so kragtig getuig dat die samelewing nie anders kan as om ons geloof in Christus ernstig op te neem nie.**
**Mag die rede vir Sy koms na hierdie wêreld ons opnuut in verwondering laat…**
**"God het die mensdom só liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het immers nie Sy Seun na die mensewêreld toe gestuur om die mense te veroordeel nie, maar sodat hulle gered kan word". – Joh 3:16-17 (NLV)**
**"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee. Hy sal die heerser wees met die koninklike titels: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal voortdurend uitbrei en nooit ophou nie. Vanaf die troon waarop Sy voorvader Dawid gesit het, sal Hy regverdig en reg regeer. Die toewyding van die Here die Almagtige sal dit waarborg". – Jes 9:5-6 (NLV)**
**Mag die woorde van die engel van die Here weerklink in hierdie Kerstyd:**
**" Ek bring vir julle goeie nuus wat groot blydskap vir álmal inhou! Die Verlosser – ja, die Messias, die Here – is vannag in Bethelehem, die tuisdorp van Dawid, gebore"! -**
**Luk 2:10-11**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir almal wat op die paaie gaan wees tydens die vakansie.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Adri Botha
- Stefaans du Plessis
- Nettie Badenhorst
- Carin Wilsenach
- Tannie Charmaine Venter

Danie Theron
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Anna Chandler
Marlie Holtzhausen
Jaap Naudé
Elma Swart
Adri Carstens
Rina du Plessis
Jurie Matthee
Michelle Cowley
Hannah Bylsma

**Gedagte vir die week**

**“wat is die mens dat U aan hom dink,**
**die mensdom dat U vir hulle omgee? (Ps 8:5)**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org